

H O O F S T U K IX.CILLIË SE ALGEMENE BESKOUINGE.1. INLEIDING.

In hierdie hoofstuk word Cillië se wêreld- en lewensbeskouing, kinderstudie en sy algemene beskouinge oor die kind en die ouer behandel om dan af te sluit met 'n samevatting en gevolgtrekkings.

2. LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING.

(i) In verband met die verskil van opvatting oor die Calvinistiese wêreldbeskouing sal Cillië graag wil weet of die Calvinistiese wêreldbeskouing iets hoërs, iets beters, verheueners as die Christelike lewensbeskouing is (1). As die opvoeder hom ten gunste van 'n Christelike opvoeding verklaar, dit probeer propageer en uit-leef, moet hy die Calvinistiese opvoeding ook nog daarby noem asof dit bokant die Christelike staan (2). Die Christelike wêreldbeskouing of lewensopvatting word in Gods Woord en die Belydenisskrif van die Ned. Geref. Kerk gevind. Soos Cillië Calvyn verstaan, is die grondbeginsels van sy lewensbeskouing dat die mens in alles die oppergesag van God moet erken - die mens is niks, God is alles. Die mens is slegs die instrument deur wie God werk. Wat is dit nou meer as wat die Bybel of die Heidelbergse Kategismus aangaande God leer? (3).

Dit wil vir Cillië voorkom asof die Neo-Calvinisme van Calvyn 'n soort van Heilige wil maak en daardeur die Calvinistiese lewensopvatting in die

(1) Artikel van Cillië. Die Unie 1/9/41 bls. 95.

(2) Ibid.

(3) Greyling, E. : Christelike en Nasionale Onderwys bls. 12.

plek van of bokant die Christelike wil stel. Calvyn was 'n feilbare mens en kan derhalwe nooit 'n onfeilbare, of moet 'n mens sê feilloos, lewensbeskouing gee nie (1). As die voorstanders van die Calvinistiese opvoeding sê dat daar soiets is as Calvinistiese rekenkunde, skeikunde en matesis, moet Cilliè van hulle verskil (2). Die wonderlike wette en verskynsels wat in die wetenskappe ontdek en waargeneem word, is seker en gewis van goddelike oorsprong maar die wette en verskynsels is nie Calvinisties nie. Opvoedkundiges praat van newensgaande leerprodukte, wat beteken soos Cilliè hulle opvattinge verstaan dat, as 'n mens die feite van 'n wetenskaplike leer ken en verstaan, soos skeikunde bv., die kennis sy lewensbeskouing beïnvloed, wysig of totaal verander. As iemand beweer dat 12 X 12 vir die Calvinis iets anders is as vir die Metodis of Jood of Mohammedaan moet Cilliè verklaar dat hy dit nie begryp nie. Die Mohammedaan, Jood en Metodis kan en sal ook seker ander gevolgtrekkings uit die saak maak en die feite sal 'n ander uitwerking op hul lewensbeskouinge hê as wat dit die geval met die Calvinis is, maar aan die feite maak dit geen verskil wat die Godsdiensoortuiging van die student of die ontdekker of die waarnemer is nie (3).

- (ii) In verband met die bewering dat die geleerdheid en die wetenskap die godsdienste nie veel gebaat het nie, verklaar Cilliè dat daar nie twee soorte waarhede kan wees nie - 'n godsdienstige waarheid

(1) Artikel van Cilliè. Die Unie 1/9/41 bls. 95.

(2) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/9/41 bls. 95.

(3) Ibid.

en 'n wetenskaplike waarheid - wat teenstrydig met mekaar is nie (1). Die godsdiens is tog die hoogste wat 'n mens kan besit. As die wetenskap hom nou daarvan beroof, dan koop hy die wetenskap te duur. As weer die dag kom wanneer die godsdiens sou verklaar dat hy die wetenskap en die geleerdheid nie meer nodig het nie, sal dit met die godsdiens ook maar treurig gaan. Die mens soek na waarheid omdat hy nog nie die waarheid so volkome het nie om dit in 'n brandkas te kan wegsluit en die sleutel aan die wetenskap te kan gee nie - ook nie eens van die teologiese wetenskap nie. Die ware godsdiens en die ware wetenskap kan nooit in konflik kom nie (2).

- (iii) Die opvoeder mag al die kennis hê, wat nodig is, ideale ook, maar hy moet teenoor die ideale 'n standpunt inneem. Cillié weet nie of die onderwyser so 'n lewensfilosofie aan mense kan leer of dit by hulle kan aankweek nie. Die ouer mense probeer dit baie getrou en ernstig en tog word gesê dat die jongeres nie so goed is as wat hulle was nie, m.a.w. hulle goeie gesindhede het nie op die jongeres oorgegaan nie. Hulle het nie daarin geslaag om dit oor te plant nie.

Hoe staan die kind nou teenoor die ideale en die gesindhede wat die opvoeder by hom wil laat posvat en ontwikkel. Beskou hy nie dikwels die dinge as ouderwets en verouderd nie? Met die ou wêreldbeskouing en lewensfilosofie van die veelergeroemde goeie ou tyd het die vorige geslagte 'n

- (1) Artikel van Cillié in Die Unie 1/4/29 bls. 273.  
 (2) Ibid,

effektiewe warboel van die wêreld gemaak en baie dikwels staan die jonger geslag vyandig teenoor die ideale en gesindhede van die vadere. Hulle wil nie die dinge hê wat die opvoeder hulle voorsit nie. Hoe dikwels lees en hoor Cillië nie: "Die ou dinge wat julle so sterk by ons aanprys, glo ons eenvoudig nie meer nie. Ons wil ander dinge daarvoor in die plek hê." (1).

Veronderstel dat die onderwyser die verstand van die leerling sover help ontwikkel het dat hy weet om te onderskei tussen reg en verkeerd, goed en kwaad, dat die opvoeder daarin geslaag het om te help om ideale te koester en die regte gesindheid daarteenoor te hê en die kind sê tog met die Apostel Paulus, 'n taamlike hoë outoriteit op hierdie gebied: "Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil nie, doen ek." Weet moet die opvoeders en onderwysers die skouers ophaal en sê: "Ons weet nie of dit doenlik is nie maar ons glo dit kan gebeur." (2).

- (iv) Opvoeders en leiers op elke gebied moet erken en rekening hou met die feit dat hulle in 'n veranderde en steeds sneller veranderende wêreld lewe. Hulle moet almal verstaan en hul lewe daarna inrig dat hulle nooit weer kan teruggaan na die ou paaie nie. Die uiterlike wêreld verander en die wêreld van die mense se begrippe en waardematings verander net so vinnig. Die mense se begrip van reg en verkeerd, mooi en lelik, goed en sleg, ja selfs sy begrip van sonde verander met

(1) Artikel van Cillië in Die Unie 1/1/38 bls. 347.

(2) Ibid.

verloop van tyd. Met hierdie dinge moet by die opvoeding rekening gehou word. Cilliè wil nie beweer dat die opvoeder elke lelike ding, elke nuwigheid, elke uitspattigheid moet goedkeur of goedpraat of selfs moet navolg en naboots nie. Wat die opvoeder wel kan en moet doen, is om die soort veranderde beskouing te verstaan en daarmee rekening te hou en nie uit sy onkunde, sy tradisionele opvatting, uit die hoogte alles veroordeel nie. Dit is ver van Cilliè om daarvoor te pleit dat opgehou sal word om sonde sonde te noem, dat sedelike losheid en laksheid vergoelik sal word, maar waarvoor hy wel pleit, is dat waar die opvoeder sonde haat en verafsku, hy die sondaar sal liefhê, hom sal verstaan en met sy sienswyse bekend sal word; dat hy nie aan uitgediende en betekenislose formules sal vashou eenvoudig omdat hulle oud is en tradisie geword het, en alles en almal sal veroordeel, wat nie sy sienswyse deel nie. As die onderwyser sy leerlinge geleer het om vas te hou aan sekere grondbeginsels, kan hy hulle met gerustheid in die kleinighede vryheid laat. As die opvoeder self die groot beginsels, die gevoelde oortuiging aan die kinders leer om dit ook te doen, kan hy hulle gerus toelaat om hul gesiggies met 'n bietjie poeier en verf mooi te maak, te lag en vrolik te wees. Laat die opvoeders hulself indink in die posisie van die kind en die jong mens (1).

(v) Met al die veranderende lewensbeskouing en waardering, al die kanse en geleenthede vir dwaal en

(1) Die Unie 1/2/33 bls. 285. Artikel van Cilliè.

afdwaal, word die opvoedingswerk, so skyn dit altans, in die huis, in die skool, in die samelewing al moeiliker. Die grootste moeilikheid kom daarvandaan dat die moderne maatskappy nog nie daarin geslaag het om vir die kind en die jong mens die regte plek in die samelewing aan te wys nie. In die goedgeorganiseerde maatskappy moet elke lid van die oudste tot die kleinste sy regte plek hê, sy regte plek verstaan, waar hy sy eie kontribusie vir die opbou, die heil, die welvaart van die maatskappy kan lewer. Die psigopatoloog verseker die opvoeder dat die stout kind die kind is wat nie by sy omgewing aangepas is nie. Hy het nie sy plek gekry nie en niemand het hom oortuigend sy plek aangewys nie, omdat hy so dikwels aan sy teregwysers kan sê: „Maar jy pas net so min waar jy is, maar om die brode en die visse is jy te lafhartig om dit te laat uitkom" (1).

- (vi) Alle mense wat nugter oor die toestande in die wêreld nadink, besef die betekenis van die gesegde: „Die beskawing is 'n wedloop tussen opvoeding en ondergang." Die doen en late van die nasies, die gedagtes wat hulle dink en die houding wat hulle teenoor mekaar inneem, het die onomstootlike bewys gelewer dat wat beskawing genoem word, tog maar per slot van sake niks anders is as 'n baie dun vernissie wat oor die barbaar of die dierlike in die mens gesmeer is nie. As die mens se beskermengeltjie wegkyk en hy handel op sy eie houtjie, is hy

(1) Artikel van Cillié in Die Unie 1/2/33 bls. 285.  
Kuyler, H.A. : Notas van Cillié 1946.

ten spyte van die hoë ideale wat hy huldig tog  
maar 'n wildebees (1).

### 3. KINDERSTUDIE.

#### (a) Die Kind as hulpelose Wese.

Dat die kind so hulpeloos by geboorte is, bewys dat die mens 'n gevestigde woning moet hê. Ouers wat kinders het, kan nie 'n nomadiese lewe voer nie. Hoe langer die kind hulpeloos bly, hoe intelligenter is hy. Hy moet vir maande lank versorg word. As gevolg hiervan is daar van die begin af aandag aan hom bestee. 'n Mens meet dikwels die beskawing van 'n volk volgens hoe die kind behandel word (2).

#### (b) Vaderlike Mag.

Die vader het absolute mag oor die kind in die lang verlede gehad. Selfs vandag nog is dit in baie opsigte die geval. Die kind is nie altyd welkom as hy in die wêreld kom nie, want groot huisgesinne vind dit vandag soms moeilik om in die stede huisvesting te kry. Die aantal kinders wat gebore word, het gevolglik in die moderne tye gedaal (3).

#### (c) Die Kind as Model.

In die skrif word die kind as 'n model voorgehou, waarna die ouere mens sy lewe moet inrig. Dikwels word die kinders verag en hulle word as minderwaardige wesens behandel. Met al die gewaande liefde en besorgdheid vir die kinders bring 'n mens dit in die praktyk

(1) Artikel van Cillié in Die Unie 1/5/46 bls. 230.

(2) Die Burger 4/5/14. Artikel van Cillié.

(3) Ibid.

nie altyd baie ver nie. In sommige huise word dit as 'n skande beskou om baie kinders te hê. Dit is as gevolg van die baie fyne beskawing waarop die mens hom so graag beroem. Die leermeesters praat te veel oor die tekortkominge i.p.v. oor die deugde van hul leerlinge. Hulle moet deur die kinders self onderwys word. Die klein kind is so eg, so oorspronklik en daarby kom nog sy swakheid, sy hulpbehoewendheid en sy algehele afhanklikheid. Die mens word nog die meeste bekoor deur die onbesorgde en blye vertrouwe wat 'n onuitwisbare grondtrek van die kinderelewes is. Om gelukkig te voel in sy eie wêreldjie, behoort tot die wese van die kindernatuur. Die gelukkige wêreldjie moet nie deur die mens se verkeerde idees van die kind en die kindergemoed bederf word nie. Die kind moet as kinderlike wese beskou word en nie as die toekomstige grootmens nie. Die opvoeder moet hom nie na 'n gegewe model wil afrig nie (1). Hy moet nie die kind as 'n blote skoolgaande wese beskou nie. Die studie van die kind moet van voor sy geboorte begin. Die moeder moet kennis hieroor hê, haarself oppas, sodat daar sterk kinders gebore word (2).

(d) Wetenskaplike Kinderstudie.

As die opvoeder van wetenskaplike kinderstudie praat, dink hy aan Comenius en Locke. Locke is die eerste wat gesê het dat die hele kind opgevoed moet word. Die hele kind sluit in sy hele geskiedenis, sy afkoms, sy ouers en voorouers, sy ras, d.w.s. daar moet 'n soort rekord van die kind gehou word (3).

(1) Die Burger 4/5/6. Artikel van Cilliè.

(2) Ibid.

(3) Loubser : Notas van Cilliè 1921.



Dit is verbasend moeilik om by die kindersiel te kom, want die volwassene was te lank gelede kinders en nou kan hy/ding<sup>nie</sup>e mooi helder terugroep nie. Om in 'n kind se siel te kyk, moet hy eers in sy eie siel kyk. Die hele saak berus op die waarneming van kinders en min of meer foutiewe gevolgtrekkings (1).

(e) Stadia in die Lewe van die Kind.

- (i) Die opvoeder moet die kinders individueel behandel as hy hulle wil bestudeer. Die een kind word van dag tot dag bestudeer en die een stadium van ontwikkeling word dan met die ander vergelyk. As gevolg hiervan, is daar die verskillende periodes, die puberteitsperiode, die jeugperiode. Rousseau het die kinderperiodes as volg ingedeel: 1-5, 5-12, 12-15, 15-18, 18-24 jaar (2).

Comenius se indeling vir die verskillende skole was: 1-6 modderskool, 6-12 moedertaal, 12-18 Latyn, 18-24 Akademie. Vir Rousseau groei die een periode nie uit die ander nie. In een periode is die kind heeltemal iets anders as in die ander periode. Vir Froebel groei die periodes uitmekaar.

- (ii) In die kind se lewe is daar verskillende stadia vasgestel. In die objektiewe en instinktiewe periode of stadium speel sosiale invloede 'n ondergeskikte rol in sy lewe. Die kind lewe min of meer soos 'n dier (3).

(1) Die Burger 4/5/16. Artikel van Cillie.

(2) Ibid.

(3) Ragsdale, C.E. : Modern Psychologies and Education, Loubser, J.S. : Notas van Cillie 1921 bls. 55.

Aan die einde van hierdie periode is die kind intelligenter as die dier maar die beweginge van die dier is veel meer georganiseerd. Die dier het beter beheer oor sy ledemate.

Die periode van 2-3 jaar is die imitasie-maatskaplike periode. Die kind begin nou die verstandelike of geestelike openbaring van sy omgewing te verstaan en na te aap. Hy begin te praat (imitasie) en begin homself van die objektiewe wêreld te onderskei.

4-6 jaar is die dramatiese periode. Die kind se individualisme kom nou uit. Hy is bewus dat hy van sy medemense afgeskei is en begin 'n bewuste indiwiiduele lewe te voer. Hy volg nou nie meer slaafs na nie maar wil graag self doen.

7-12 jaar is die periode van kompetisie, d.w.s. hy kom in kompetisie met ander. Hy is nou 'n sosiale wese. Hy leer dat hy met ander mense moet saamlewe en sien dat, as hy sy doel wil bereik, hy ander mense in aanmerking moet neem. Hy begin die volksiel te verstaan.

13-18 is die puberteitsperiode wanneer hy psigologiese verandering en ontwikkeling ondergaan. Die liggaam ondergaan veranderinge en sy gees groei verbasend. Dit is die periode van sterk simpatieë en antipatieë. Dit is die kritieke periode in die kind se lewe.

19-24 of 30 is die periode van manlike en vroulike ontwikkeling. In hierdie periode word die lewenswerk onderneem en gewoontes word gevorm. Mense na 30 jaar kry dit moeilik om hul gewoontes te verander en om van 'n ander beroep 'n sukses te maak. Daar is natuurlik afwykinge (1).

(1) Freeman, F.S. : Individual Differences, bls. 256-289.  
Loubser, J.S. : Notas van Cillie 1921.

(f) Tipes van Kinders.

- (i) Wanneer kinders in sekere tipes geklassifiseer word, is daar: Die sanguiniese tipe wat altyd vrolik en opgeruimd is.

Die coleriese tipe wat altyd swartgallig is.

Die flegmatiese tipe wie se reaksies langsaam is. Die tipe laat hom nie deur gevoel lei nie.

Die melankoliese tipe wat die treurige soort is maar baie getrou. Dan is daar verder die hartsogtelike, nerveuse, apatikus en amorfe tipe.

- (ii) Wanneer die groepmetode toegepas word, verdeel die opvoeder die kinders volgens hul fisiese ouderdom, d.w.s. hulle word volgens hulle fisiese gesteldheid vergelyk; hy verdeel hulle verder volgens die klas waarin hulle is, d.w.s. hulle word volgens hul verstandsouderdom verdeel (1). Hiervandaan het die opvoeder op die norm gekom dat 'n kind van 6 of 7 jaar sekere dinge moet weet. Intelligensietoetse word gebruik om die kind se verstandsouderdom te bepaal (2).

- (iii) Die opvoeder kan nie die gevolgtrekkings wat hy oor een kind gemaak het, op 'n ander kind toepas nie. Hy moet 'n massa kinders bestudeer. Die genetiese metode is die enigste geregverdigde metode, omdat dit elke kind afsonderlik behandel. Locke het hierdie metode in die pedagogiek ingevoer. Locke, as medikus, het op die idee gekom dat elke kind

- (1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.  
 Ter Haar, B. : Hedendaagsche Karakterkunde bls.13.  
 Heymans, G. : Inleiding tot de Speciale Psychologie bls. 10.  
 Kretschmer, E. : Physique and Character bls. 30-35.  
 Jung, C.G. : Psychological Types bls. 14.  
 Spranger, E. : Types of Man bls. 21-25.

- (2) Die Burger 23/12/15, 4/1/17. Artikels van Cilliè.

apart bestudeer moet word en staan daarom voor dat elke kind sy eie "tutor" moet hê. Die onderwyser moet weet wat elke kind kan presteer. Hy moet nie die kind se talente en tyd op dinge verkwis, wat hy nie kan doen nie. Kinderstudie beteken baie vir die klaskonpraktyk. 'n Klas van 30 kinders word in 10:15:5 verdeel. Daar is altyd 'n stert aan die klas. Die 10 kinders moet die opvoeder bestudeer en probeer uitvind waarom hulle dom is. „Dom en slim" op skool is 'n kwessie van geheue.

Die klassifikasie van kinders deur onderwysers is as verkeerd beskou. Iemand met 'n slegte geheue word as dom bestempel. Die onderwyser moet meer klem op die konstruktiewe dink lê. Dit het aanleiding tot die sogenaamde intelligensietoetse gegee, d.w.s. 'n poging om uit te vind of die kind konstruktief dink (1).

(g) Waarde van Kinderstudie.

(1) Kinderstudie het verbasend veel in die alledaagse onderwyspraktyk teweeggebring. Dit het veel vir die gebrekkige kind - dowes, blindes, liggaamlike gebrekkiges, gedoen. Spesiale behandeling op psigolögiese en mediese basis is op hulle toegepas. Daar is, bv. swaksinnige gestigte en verbeteringshuise vir hulle opgerig. Voorheen het die kinders vir wind en weer rondgeloop. Kinderstudie het 'n beter klassifikasie van skoolgaande kinders veroorsaak (2). Afwykende kinders word na spesiale inrigtinge gestuur, waar hulle sekuur ondersoek word en goed versorg word.

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cillie 1921.

(2) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde bls. 59.

Dit het veroorsaak dat daar 'n groter verskeidenheid in die leerplan en leerstof aangebring is. Die neiging vandag is om die kind net te laat leer waarvoor hy aanleg en lus het en dus word hy darem ekonomies onafhanklik. Kinderstudie het die kind meer vryheid en selfwerkzaamheid besorg. Die kind is vry om te ontwikkel terwyl die onderwyser meer 'n leidsman word (1).

- (ii) Die kind moet die geleentheid hê om 'n kind te wees. Dit is veel meer 'n sosiologiese as 'n pedagogiese vraagstuk. Dit het gelei tot die verbod van wetgewing teen kinderarbeid. Dit het tot kinderledigheid gelei. Daar kom nou 'n reaksie daarteen, want kinderarbeid vernietig die liggaam terwyl kinderledigheid dikwels die liggaam en die siel vernietig (2).
- (iii) Die mens leef in 'n eeu waarin daar aandag aan vroegrypheid van kinders gegee word. Cilliè is derhalwe teen kinderkonserte, want dit amuseer die grootmense maar edifiseer nie die kinders nie. Die soort dinge maak van kinders grootmense.
- (iv) Kinderstudie het die opvoeder se oë oopgemaak vir die sogenaamde „suikergoed-opvoedkunde" waardeur die kind oonodig getroetel word (3).

Die doel van die opvoeder se strewe moet wees om 'n karaktervolle individu te produseer, wat aan die lewe kan deelneem. Die opvoeder moet dit vir kinders so af en toe aangenaam maak maar vandag

- (1) Loubser, J.S. : notas van Cillie 1921.  
 (2) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.  
 (3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

wil dit voorkom asof die onderwyser hom daarop toelê om alles vir die gemak en die gerief van die kind in te rig. Vyftig jaar gelede het kinders hul ouers gehoorsaam maar vandag gehoorsaam die ouers die kinders (1). Dit is baie keer die geval dat ouers deur hul kinders regeer word. Daar word so maklik aan die wense van die kind toegegee omdat hy so swaar op skool kry. Die huislike dissipline ly hierdeur skade. Op die manier leer die kind nie om hom vir ander op te offer nie, ander te help en homself te help nie. Die ouers offer hulle op vir hul kinders met die gevolg dat hulle selfsugtig groot gemaak word en dan moet hulle dit in hul latere lewe ontgeld (2).

#### 4. BESKOUING OOR DIE KIND.

(1) Cillië is nie een van die mense wat gedurig die mond vol het van die agteruitgang van die jong geslag nie. Die jongmense van vandag is nie slegter as wat die jongmense was toe Cillië jong gewees het nie. Cillië glo selfs dat die jeug van vandag 'n paar deugde soos openhartigheid en 'n afkeer van huigelary ontwikkel het, wat die jeug van die verlede nie gehad het nie. As Cillië so om hom heen kyk en sien hoeveel geleenthede daar vandag is om die pad te verloor, kan hy nie anders as bekommerd wees nie. Of die tydgees slegter en verleideliker as voorheen is, weet hy nie maar dit staan by hom vas dat die tydgees dit vir baie jongmense moeilik maak om op die regte spoor te bly.

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cillië 1931.

(2) Die Burger 23/12/15. Die Burger 4/1/17.  
Artikels van Cillië.

- (ii) Soos elke onderwyser weet, was daar van alle eeue af opvoeders en filosowe wat die mening toegedaan was en nog is dat die opvoeding alvermoënd is. Die opvatting was dat die opvoeder die kind deur die regte leiding en die regte soort invloed daartoe kon bring om 'n deugsame en voorbeeldige lewe te lei. Alles hang van die leiding af wat die kind in die jare wat hy vatbaar vir indrukke is en waarin hy gevorm word, ontvang (1).
- (iii) Plato het gemeen dat hy vir sy ideale staat ideale burgers kon opvoed volgens 'n sisteem wat hy self ontwerp en uitgewerk het. Cillië meen dat die skrywer van Spreuke dieselfde mening toegedaan was (2). Een van die vernaamste klagtes teen die jeug van die moderne tyd is dat hulle maar altyd op plesierjag en vermaak uit is, maar dit is die grootmense wat vir hulle al hierdie fasiliteite gee.
- (iv) Wanneer die onderwyser eerbied teenoor die ouers mense by die jeug wil aankweek, moet hy dit eers self hê. Die opgroeiende geslag neem die vorm vir sy gedrag en ~~w~~andel van die volwasse mensdom. Waar die jeug van die standaard van die grootmense afwyk, is daar waar hulle sien en oortuig is dat die grootmense vorms opstel en ideale aan ander voorhou, wat hulle self nie nakom en nastreef nie (3). Die hele samelewing het baie van sy etiese en godsdienstige waardes oorboord gegooi. Om te wil teruggaan na die ou paaie, skyn min of meer hopeloos (4).

- (1) Die Burger 23/12/15. Die Burger 4/1/17.  
Artikels van Cillië.
- (2) Artikel van Cillië in Die Unie 1/2/33 bls. 262.
- (3) Artikel van Cillië in Die Unie 1/2/33 bls. 285.
- (4) Artikel van Cillië in Die Unie 1/1/37 bls. 242.  
" " " " " " 1/2/33 bls. 285.

(v) Cilliè is nie 'n „Laudator temporis acti" nie.

Hy hou nie daarvan om terug te keer na die ou paaie nie. Die agteruitgang van die jeug is 'n baie ou storie. Dit is lank nie alles goud wat daar in die verlede blink nie. Die „goeie ou paaie" was dikwels sandpaaie. Teenswoordig is daar in Suid-Afrika en in ander lande sekere verskynsels onder kinders en jongmense wat volksmanne en vroue met besorgheid vervul. Cilliè is bekommerd daaroor omdat die geskiedenis leer dat, as die verskynsels so toeneem en die hele volk aantas, die volk tot ondergang gedoem is.

#### 5. BESKOUING OOR DIE OUER.

(1) As die opvoeder beter mense van die kinders wil maak, moet daar samewerking tussen onderwysers aan die eenkant en ouers aan die ander kant en die kinders aan die derde - die vernaamste kant, wees. As die onderwyser daardie samewerking sal hê, moet die verhouding by die huise, by die onderwysers, by die kinders reg wees. In die reël doen kinders wat swak is, swak ouers het en uit swak huise kom en swak onderwysers het, nie goed in eksamens nie. Hulle is nêrens goed nie. Met die toename van die drukke sakebelange van die vader, en die sosiale pligte van die moeder, en soms ook uit loutere luiheid, kry die kind nie die aandag tuis, wat hy behoort te hê nie. Hy word skool toe gestuur omdat die ouer ontslae van hom wil wees. Omdat die onderwyser vir die alsydige ontwikkeling van die kind verantwoordelik is, verwag hy ten minste van die ouer dat die kind skoon skool toe kom, dat hy goed gevoed sal word en dat hy genoeg slaap (1).

(1) Die Burger 19/2/28. Die Burger 23/1/19.  
Artikels van Cilliè.



(ii) Die ouer persone moet probeer om die kind te verstaan. Die ou spreekwoord: "Kinders moet gesien word en nie gehoor word nie", is nou uit die mode. Ouers is somtyds verkeerd en die kinders dikwels reg. As 'n mens 'n kind respekteer, dan word hy sy maat. Laat 'n kind toe om sy eie mening te hê en die mening uit te spreek.

(iii) Die onderwyser maak vooruitgang in die opvoeding deur simpatie en vertroue in die kinders te toon. Dit is opvallend in die buiteland hoe ouers maats van hul kinders maak (1). Openhartigheid tussen ouer en kind vermy die agterbaksheid wat vroeër geheers het. Vandag behoort die kinders nie meer bang vir hul ouers te wees nie. Ouers moet geduldig met hul kinders wees en hulle meer prys as slegmaak. Kinders moet aangemoedig word om hul plig as burgers te begryp en om te probeer die wêreld te verbeter. Die opvoeders moet nie altyd van "jou" kind, "sy" kind, en "haar" kind praat nie maar saam verantwoordelik voel vir al die kinders van die volk, sowel behoefdiges as welgesteldes. Dit is "ons" kinders en saam moet "ons" alle kragte inspan om hulle selfstandige, waardige burgers van "ons" land en volk te maak (2).

## 6. BESKOUIING OOR DIE DOGTER.

(1) Sonder teësprak kan gewis beweer word dat die hele skoolsisteem, die hele leerplan en die hele metode van onderwys in die belange van die seuns opgestel is. Nie net in Suid-Afrika nie, maar in alle lande waar die Westerse beskawing gehuldig word, is dit

- (1) Die Burger 16/6/37. Artikel van Cillié.  
 (2) Die Burger 16/6/37. Artikel van Cillié.  
 Artikel van Cillié in Die Unie 1/5/30 bls. 289.

die geval. Geen wonder dat so baie van die meisies dit skynbaar een van hul ideale maak om in die openbaar en elders soos mansmense op te tree en hulle net soos mans te gedra. Baie van die vroulike geslag het skynbaar hul ewewig verloor en begaan ongerymdhede. Met hierdie mansopvoeding kom die meisies onwillekeurig onder die indruk dat daar tussen hulle en die seuns geen onderskeid is nie en dat hulle presies mag doen wat die seuns mag doen. As hulle daarop gewys word dat dit hulle nie betaam nie, meen hulle, tereg natuurlik, dat hul „vryheid“ ingekort word. As hulle op skool moet leer wat die seuns leer, dieselfde dissipline moet ondergaan, op dieselfde manier met woord en soms ook met daad bestraf word as die seuns, waarom mag hulle dan nie daarbuite soos die seuns optree nie (1).

- (ii) Daar moet meer aandag aan die opvoeding van die dogters bestee word om sodoende hul karakters te vorm, goeie en suiwere idees en ideale aan te kweek. Hul opvoeding moet nie gelaat word in die hande van mense wat met die volksaard en die volkslewe geen die minste simpatie het nie; mense wat van die meisies iets anders wil maak as wat die natuur en hul eie aanleg aan hulle kan en wil laat word.
- (iii) In die puberteitsjare moet met hulle versigtig en simpatiek gehandel word. Die nuutste teorie aangaande die moeilikheid wat mense met hulself in die puberteitsjare ondervind, beweer dat dit te wyte is aan 'n vrees dat hulle eergevoel sal gekrenk word of dat hulle eie waarde nie genoeg deur ander sal gerespekteer word nie. 'n Verkeerde behandeling in die tyd

(1) Artikel van Cillié in Die Unie 1/10/40 bls. 110.  
Die Burger 3/6/20. Artikel van Cillié.

kan so lig tot 'n lewenslange krenking van die ge-  
moed lei (1). Die hele beskaafde wêreld weet en  
erken dat 'n nasie se toekoms in die hande van sy  
vroue is en dat wat die nasie in die toekoms gaan  
wees, afhang van wat sy vroue van die hede is. Dit  
is 'n gemeenplaas om te sê dat die huisgesin die  
kweekplaas van die nasie is en dat die huisgesin is  
wat die vrou daarvan maak. Dit is derhalwe baie  
belangrik dat die vrou van die nasie of van die  
wêreld behoorlik vir haar werk opgevoed moet word.

- (iv) Dwarsdeur die eeue het die vrou vir haar regte moes  
veg om aan die man te toon, dat sy sy gelyke was wat  
die verstandelike gawes betref. Sy wou derhalwe  
dieselfde opvoeding as die man hê en in haar doen en  
late in alle opsigte sy gelyke wees. Noudat die  
vrou vir ons bewys het dat sy net soveel verstand as  
die man het, net soveel organisasie-talent as hy het,  
baie werksamer is en honderdmaal meer pligsgetrou,  
moet die vrou gehelp word en sy vir die opvoeder help  
om tot 'n vergelyk te kom hoe die lewenspligte verdeel  
moet word (2).

Cillië is so half onder die indruk dat, as die  
meisies op die regte manier opgevoed word en hul  
regte plek in die maatskappy inneem, die mans as van-  
self sal regkom (3).

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

- (i) Wanneer Cillië die Christelike wêreld- en lewens-  
beskouing met die Calvinistiese wêreld- en

- (1) Die Burger 3/6/20. Artikel van Cillië.  
(2) Die Unie 1/5/40 bls. 334. Artikel van Cillië.  
(3) Die Unie 1/5/40 bls. 334. Die Burger 24/1/17.  
Artikels van Cillië.

lewensbeskouing vergelyk, is dit nie duidelik wat hy onder „christelike" bedoel nie, want daar is, bv. die Roomse, Wesleyaanse, Metodistiese wêreld- en lewensbeskouing en selfs die van die Wederdopers, wat ook Christelik is. Duideliksheidshalwe moes hy Protestant-Christelik gesê het. Hy beweer verder dat dit wil voorkom asof die Neo-Calvinisme van Calvyn 'n soort van Heilige wil maak en daardeur die Calvinistiese lewensopvatting in die plek van of bokant die Christelike wil stel. Verder sê Cillié dat Calvyn 'n feilbare mens was en dat hy derhalwe nooit 'n onfeilbare of feillose lewensbeskouing kon gee nie. Ek erken dat Calvyn 'n feilbare mens was maar sy verklaring van die Skrif lyk vir my regsinniger as die van ander feilbare mense.

- (ii) Ek is dit eens met Cillié dat dit aan wetenskaplike waarhede geen verskil maak wat die wêreld- en lewensbeskouing van die student, ontdekker of waarnemer is nie maar dat daar wel verskil is in die gevolgtrekkings wat daaruit gemaak word. Die wetenskaplike en godsdienstige waarhede kan nie teenstrydig met mekaar wees nie. Godsdienstige- en wetenskaplike waarhede mag nie vir mekaar opgeoffer word nie maar die een moet die ander versterk.
- (iii) Cillié is in twyfel of die opvoeder 'n lewensfilosofie aan die mens kan leer of dit by hom aankweek, maar hier hang dit af van die standpunt wat die mens teenoor die lewensfilosofie inneem; van die gesindheid wat hy openbaar.

As dit waar moet wees dat by die mens geen lewensfilosofie aangeleer of aangekweek kan word nie, dan kan die opvoeder en geestelikes hul pogings

om mense met karakter en vir die ewigheid te vorm, gerus maar prysgee. Dit is natuurlik onmoontlik om by iedere kind of volwassene die gewenste lewens- en wêreldbeskouing aan te bring, maar dit is nog geen rede waarom die opvoeder in sy pogings daartoe moet verflou nie, al sou die meerderheid van die hedendaagse jongere geslag blyke gee dat hulle vir so 'n lewens- en wêreldbeskouing nie vatbaar is nie.

- (iv) Elke opvoeder weet dat hy in 'n veranderende en steeds sneller veranderende wêreld lewe en dat die wêreld van die mens se begrippe en waardenmetings net so verander. Cillië verlang dat die opvoeder die veranderinge moet verstaan en sy lewe daarna inrig; dat hy nie vir sy onkunde en tradisionele opvatting alles uit die hoogte moet veroordeel nie. Ek glo saam met Cillië dat die opvoeder hom moet aanpas by die veranderinge maar alleen dan wanneer die veranderinge op die geskrewe Wet van die Groot Meester gefundeer is. Wanneer Cillië sê dat as die opvoeder self aan die groot beginsels, die groot waarhede vashou en uit die gevoelige oortuiging aan die kinders leer om dit ook te doen, kan hy hulle gerus toelaat om hul gesiggies met 'n bietjie poeier en verf mooi te maak, dan kan ek nie met hom saamstem nie, want dit is in stryd met Heilige beginsels.

- (v) Cillië gee verskillende lewensperiodes van die wordende mens aan maar myns insiens is hy nie omvattend genoeg in sy beskrywing van die kind gedurende elk van die periodes nie. Hy sê, bv. baie min van die mens as skepsel van God.

Die ontwikkeling op fisiologiese en psigiese gebied van die suigeling, peuter, kleuter het hy

ook nie omvattend genoeg behandel nie. So is dit ook die geval met die laerskoolkind en die middelbare-skoolkind.

- (vii) Cilliè se indeling van die mens in tipes is gebaseer op die van G. Heymans. Hierdie indeling verskil weer van die van B. Ter Haar, C.G. Jung, E. Spranger en E. Kretschmer, Cilliè sê ook nie watter faktore 'n rol speel by die verskil in individue nie, soos bv. die erflikheids- en omgewingsfaktor.
- (viii) 'Cilliè maak van 'n opvoedkundige oogpunt beskou, beswaar daarteen dat kinders aan kinderkonserte moet deelneem omdat dit van hulle grootmense maak. My sienswyse is dat, as daardeur van die kinders grootmense gemaak word, die fout nie by die kind te vinde is nie, maar by die grootmense of ouers self. Die deelname van kinders aan kinderkonserte vanuit 'n opvoedkundige oogpunt beskou, is noodsaaklik. Dit gee die opvoedeling vrymoedigheid en is 'n moontlike voorbereiding vir die een of ander lewensberoep.
- (ix) Wanneer ouers die kind moet gehoorsaam in plaas van die kind die ouers, is die fout hier ook by die ouers, omdat laasgenoemde nie die nodige dissipline kan handhaaf nie. Wanneer Cilliè die ouer geslag die skuld gee van baie ondeugde by die moderne jong geslag, onderskrywe ek sy sienswyse heelhartig, want die hele samelewing, ouers inkluis, het baie van hul etiese en godsdienstige waardes oorboord gegooi. Daarby het hulle baie van die fasiliteite en versoekinge geskep, waardeur die jong geslag die regte spoor byster geraak het.

- (x) As remedie teen hierdie ondeugde pleit Cillié vir samewerkinge tussen opvoeder, ouer en kind wat myns insiens 'n heilsame uitwerking sal hê. Volgens Cillié se beskouing is die spreekwoord: "Kinders moet gesien word en nie gehoor word nie" uit die mode. Dit is goed dat kinders hul eie mening oor sake moet hê, maar volgens my sienswyse moet die kinders hul plek ken en verstaan.
- (xi) As verdere middels teen die ondeugde beskou Cillié die volgende as belangrik: Daar moet vertrouwe van die kant van die opvoeder en die ouer in die kind gestel word; daar moet openhartigheid wees; daar moet kameraadskap wees; die kinders moet almal as "ons" kinders beskou word en eindelik moet daar geduld met die kind beoefen word. Met voorgenoemde kan ek heeltemal saamstem.
- (xii) Wanneer Cillié sê dat die meisie baie werksamer en honderdmaal meer pligsgetrou as die seun is, sou ek graag wil weet of hy sy bewering op statistiese gegewens gegrond het. Sover ek weet, het hy geen ondersoek in Suid-Afrika daarna ingestel nie. Moontlik baseer hy sy sienswyse op die van F.S. Freeman en P. Sandiford (1).

- (1) Freeman, F.S. : Individual Differences bls. 64-106.  
Sandiford, P. : Educational Psychology bls. 13-51.